



AFRIKAANSE HUWELIKSBELOFTES

'n Versameling voorbeelde om julle eie belofte te kies of saam te stel

“Dit is die hart van 'n huweliksbevestiging. Kies die woorde versigtig - woorde wat julle deur die moeilikste tye kan dra en julle herinner waarom julle mekaar gekies het.”

Oorspronklik saamgestel deur Jalize Uys

Aangebied in Wed By Jaco & Team-handelsmerkformaat



Voorbeelde van beloftes

- 1** Voor God en almal hier
Kies ek jou as my lewensmaat
My mooiste vrou / man
Ek kies jou met al jou sterk- en swakpunte
En belowe om alles te doen wat nodig is
Om 'n leeftyd met jou te deel
Ek sal jou liefhê met alles wat in my is
En getrou bly aan jou
Elke dag van my lewe ... tot die dood ons skei
- 2** Voor God en al hierdie mense belowe ek liefde en trou.
Maak nie saak hoe ek voel nie
Maak nie saak wat gebeur nie:
Ek sal nooit opgee op ons liefde nie.
Ek belowe vir 'n leeftyd!
- 3** Die Here het jou in my lewe gestuur om my lewenspad met my te deel.
Ek belowe om dit wat ons het soos 'n kleinood op te pas
en altyd daar te wees vir jou - tot die dood ons skei.
- 4** Ek belowe om jou alleen lief te hê
Vir die res van my lewe.
Ek sal altyd eerlik wees ... al is dit moeilik.
Ek sal alles doen wat nodig is om my hele lewe met jou te deel.
Ek belowe om jou só lief te hê dat jy Christus in my kan sien lewe.



Voorbeelde van beloftes

- 5** Ek kies jou as my lewensmaat.
Waar jy gaan, sal ek gaan. Waar jy bly, sal ek bly.
Jou God is my God.
Voor God en al ons vriende en familie
beloof ek liefde en trou
vir altyd en in alle omstandighede,
van vandag af, vir die res van ons lewe.
- 6** Ek kies jou as my lewensmaat.
Die een aan wie ek getrou sal bly.
My enigste, ware liefde.
Ek aanvaar jou met al jou sterk- en swakpunte.
En ek gee myself vir jou met al myne.
Ek belowe om alles te doen wat nodig is
om 'n leeftyd met jou te deel.
Ek sal jou liefhê met alles wat in my is
vir die res van my lewe!
- 7** Ek belowe om jou onvoorwaardelik lief te hê en te aanvaar.
Ek belowe trou en eerlikheid in alle omstandighede.
Ek het jou nie nodig nie. Ek kies jou.
Ek kies jou vandag in die teenwoordigheid van al die mense wat ons liefhet.
Ek kies jou môre in die privaatheid van ons harte.
Ek kies jou in voor- en teenspoed.
Ek kies jou in blydschap en smart.
Ek kies jou bo alle ander, elke dag, vir die res van my lewe.
- 8** Ek kies jou vandag voor God en almal hier.
Ek kies jou net soos jy is en bo enige iemand anders.
Ek wil elke uitdaging saam met jou aandurf.
Ek wil elke droom saam met jou maak.
Ek belowe om die res van my lewe met jou te deel
en elke dag saam met jou te glimlag.



Voorbeelde van beloftes

9 Ek wil die lewe in al sy volheid met jou deel.
Ek wil elke uitdaging saam met jou aandurf.
Ek wil elke droom saam met jou waarmaak.
Ek kies jou vandag voor God en almal hier.
Ek kies jou met jou sterk- en swakpunte.
Ek kies jou bo enige iemand anders.
Ek belowe om alles te doen wat nodig is om die res van my lewe met jou te deel.

10 Voor God en al ons vriende en familie
beloof ek liefde en trou
vir altyd en in alle omstandighede
aan jou, my bruid / bruidegom.

11 Ek kies jou as my lewensmaat deur die res van my lewe.
Ek sal getrou en eerlik, liefdevol en betroubaar wees.
Ek sal alles doen wat nodig is om die res van my lewe met jou te deel.
Hierdie is my plegtige belofte aan jou.

12 Ek beloof om my hart, my drome en my lewe met jou te deel.
Ek sal die kosbare liefde tussen ons lewendig hou.
En ek beloof trou aan jou, my enigste vrou / man,
vir altyd en in alle omstandighede.



Voorbeelde van beloftes

- 13** Vrou: Vandag, voor God, ons familie en vriende
Man: verklaar ons ons liefde vir mekaar.
Vrou: Ek kies jou, Jannie, as my man.
Man: Ek kies jou, Melinda, as my vrou.
Vrou: Ons gaan getroue metgeselle wees.
Man: Ons gaan mekaar respekteer en eerbiedig.
Vrou: Ons gaan mekaar koester en beskerm.
Man: Ons gaan altyd daar wees vir mekaar.
Vrou: Deur goeie sowel as slegte tye.
Man: Van nou af tot die dood ons skei.
Saam: Hierdie is ons huweliksbelofte aan mekaar.
- 14** Ek kies jou as my lewensmaat en beste vriend deur die res van my lewe.
Ek beloof om my hart, my drome en my lewe met jou te deel.
Ek sal getrou en eerlik, liefdevol en betroubaar wees.
Ek belowe om te doen wat nodig is om 'n leeftyd met jou te deel!
- 15** Ek kies jou vandag voor God en almal hier.
Ek kies jou net soos jy is en bo enige iemand anders.
Ek wil elke uitdaging saam met jou aandurf.
Ek wil elke droom saam met jou waarmaak.
Ek belowe om die res van my lewe met jou te deel
en elke dag saam met jou te glimlag.



Voorbeelde van beloftes

16 Vir paartjies wie se persoonlikhede baie verskil

Eerste lewensmaat:

Ek kies jou as my lewensmaat deur die res van my lewe.
Ek sal getrou en eerlik, liefdevol en betroubaar wees.
Ek sal orde en stabiliteit tot jou chaotiese lewe bydra.
Ek sal vir jou 'n lewensmaat en ware vriend wees, vir altyd.
Hierdie is my plegtige belofte aan jou.

Tweede lewensmaat:

Ek kies jou as my lewensmaat deur die res van my lewe.
Ek sal getrou en eerlik, liefdevol en betroubaar wees.
Ek sal opwindning en verskeidenheid tot jou geordende lewe bydra.
Ek sal vir jou 'n lewensmaat en ware vriend wees, vir altyd.
Hierdie is my plegtige belofte aan jou.

- 17** Ek wil die lewe in al sy volheid met jou deel.
Ek wil elke uitdaging saam met jou aandurf.
Ek wil elke droom saam met jou waarmaak.
Ek kies jou vandag voor God en almal hier.
Ek kies jou met jou sterk- en swakpunte.
Ek kies jou bo enige iemand anders.
Ek belowe om alles te doen wat nodig is
om die res van my lewe met jou te deel.

- 18** Hierdie ring simboliseer die eindelose vereniging van ons lewensreis saam.
Jou drome is nou my drome,
jou hoop my hoop,
jou vrese my besorgdheid,
jou liefde my seën.
Jou vennoot in ouerskap,
jou bondgenoot in konflik,
jou kameraad in avontuur,
jou student en leermeester,
jou skapie tot die einde van ons dae.
Ek gee hierdie ring as simbool van my ewige liefde en belofte.



Geloofsgebaseerde beloftes

19 Vrou aan man

Met hierdie ring belowe ek voor God en hierdie getuies
dat ek jou onvoorwaardelik sal liefhê.

Nie net wanneer dit goed gaan nie, maar ook in tye van teenspoed.

Ek belowe om jou lief te hê of jy ryk is en of jy arm is;

of jy sterk en gesond of swak en siek is, tot die dood ons skei.

Ek belowe om jou as individu en man van ons huis te respekteer - jou behoeftes, jou
belangstellings, jou loopbaan en jou drome.

Ek belowe om 'n toegewyde huweliksmaat vir jou te wees, 'n toegewyde vrou van ons
huis en, as ons geseën word, 'n toegewyde ma van ons kinders.

Laastens belowe ek om ten alle tye so op te tree en te lewe dat jou vertrouwe in my nooit
verbreek of betwyfel hoef te word nie.

Man aan vrou

Ek belowe vandag, met Jesus in ons teenwoordigheid en almal vir wie ons lief is hier,
dat ek jou sal liefhê soos wat ek jou nou, op hierdie oomblik, liefhet.

Ek sal jou op my hande dra, jou behoeftes in my diepste hartkamer bêre en jou
respekteer - soos God dit van my verwag.

Ek beloof om vir jou 'n man te wees op wie jy trots kan wees, wie jy kan liefhê en op wie
jy kan vertrou.

As God ons eendag so sal seën, sal ek jou en ons kinders beskerm, julle veilig laat voel
en vir julle sorg, tot die beste van my vermoë.

Van hierdie oomblik af is my hele wese en siel aan jou toegewy.

Van hierdie oomblik af is ek jou man, vir altyd.

Maak 'n belofte vir 'n hele leeftyd saam.

Julle kan enige voorbeeld verkort, kombineer of met julle eie woorde persoonlik maak.